Agri Limpopo

Gebou 8, Propark, Bendorrylaan, Bendor, POLOKWANE, 0700

Landlyn: 015 065 066 9
E-pos: info@agrilimpopo.co.za
admin@agrilimpopo.co.za

**16 Januarie 2018**

**Mediaverklaring: ANC se besluit oor onteïening van grond sonder vergoeding**

Boere in Limpopo is diep bekommerd oor die rigting wat die ANC onder die leierskap van Cyril Ramaphosa ingeslaan het rondom onteïening sonder vergoeding. Dit rym hoegenaamd nie met die doelstellings van die Nasionale Ontwikkelingsplan nie. Die NOP is by wyse van 'n soortgelyke resolusie deur die ANC by sy 2012-konferensie in Mangaung as beleid aanvaar. Die nuutste resolusie oor grond, skiet inteendeel juis die strewe na werkskepping, investering en ekonomiesegroei, soos bedoel in die NOP, in die voet.

Beleidsonsekerheid is een van die grootste struikelblokke in die weg van ekonomiese groei, en die ANC het by uitstek deur sy resolusie oor onteïening sonder vergoeding, omvattende verwarring en beleidonsekerheid gesaai. Limpopo-boere, wat reeds sedert 2012 op die voorpunt staan in die implementering van die Hoofstuk-6 grondhervormingsmodel van die Nasionale Ontwikkelingsplan, het tans geen duidelikheid of selfs rigtingwysers oor die mees basiese vrae wat enige belegger sou vra nie, soos:

- gegewe die botsende en wedersyds uitsluitende aard van die onteïening-sonder-vergoeding-resolusie, en die grondhervormingsmodel van die Nasionale Ontwikkelingsplan, het eersgenoemde laasgenoemde nou vervang?

- moet die tersaaklike vennootskapgebaseerde landbou-ontwikkelingsprojekte nou gestaak word?

- hoe gaan grond wat sonder vergoeding onteïen moet word, geïdentifiseer word, of is alle plase op risiko?

- geld dit net vir landbougrond?

- hoe hoop die ANC om in die internasionale gemeenskap, waar beide potensiële beleggers en Suid-Afrika se uitvoermakrte lê, by die eiendomsklousule (art 17.1 en 2) van die Universele Deklarasie van Menseregte verby te kom?

Hierdie soort onsekerheid is dodelik vir beleggersvertroue en sal in die landbougedrewe ekonomie van Limpopo ‘n vernietigende impak op werkskepping hê wat armoede tot nuwe vlakke sal laat styg.

Boere in die provinsie is veral verstom dat die ANC glo dat dieselfde rampspoedige beleidsrigting wat die Zimbabwese ekonomie, geldeenheid en sosiale kohesie vernietig het, in Suid-Afrika ‘n ander uitkoms sal hê. Die ware oorsake van die legitieme frustrasies van hoopvole begunstigdes van grondhervorming, vir wie die pas daarvan te stadig is, is glad nie by die ANC se konferensie aangespreek nie. Dit het niks met die vrywillige verkoper-koper-beginsel te doen nie, maar alles te doen met ‘n hopeloos onbekwame, korrupte en nepotistiese koper – die staat!

Daar is geen tekort aan geld nie; die geld word wanaangewend. Daar is geen onwilligheid by grondeienaars om te verkoop nie; daar was trouens nog nooit soveel plase in die mark soos nou nie. Die markmeganisme het tot dusver nie gewerk nie, net omdat dit nog nie behoorlik op die proef gestel is nie. Daar kan geen probleem met prysvasstelling wees nie, as die staat - soos Agri Limpopo in 2005 al voorgestel het - die waardasies van banke en ander finansiële diensteinstellings gebuik nie. As ‘n bank bereid is om teen ‘n bepaalde waarde te finansier, is die risiko dat die staat te veel betaal, uiters beperk.

Plase wat reeds in die herverdelingsprogram aangekoop is, word nooit aan die begunstigdes oorgedra nie. Daardie boere kan nie finansiering kry nie, en bly aan onbekwame amptenare uitgelewer. Daardie plase lê soos slagvelde agter die Departement, en die minister het self erken dat meer as 90% daarvan misluk het. In Limpopo, soos elders in Suid-Afrika, sal dit baie meer kos om daardie plase weer produktief en winsgewend te kry as wat die staat aanvanklik daarvoor betaal het. Onteïening sonder vergoeding is bloot ‘n rookskerm om die ANC se pad van vernietiging in sy grondhervormingsprogramme te verbloem.

Daar is net een rede waarom grondhervorming tot dusver ‘n mislukking is: dis omdat die ANC nie die politieke of morele wil het om dit te laat werk nie. In die proses word met die potensiaal, inkomste en welsyn van swart boere gedobbel, en word stabiliteit en voedselsekerheid in gedrang gebring.

Geen sektor van die ekonomie kan landelike armoede meer toereikend aanspreek as landbou nie, maar Suid Afrika word van daardie geleentheid ontneem deur swak besluite oor grond.

Daar is ‘n alternatief. Waar die vennootskapgebaseerde grondhervormingsmodel van die Nasionale Ontwikkelingsplan geïmplementeer is, is die suksessyfer eksponensieël hoër as by enige staatspoging. Dit werk. Dit het te stadig gevorder omdat die department grootliks afwesig is in die inisiatiewe, en amptenare nie hulle kant bring nie. Die staat was tot dusver ‘n swak of afwesige vennoot, en die ANC het nooit enige erns gewys om sy eie beleid te implementeer nie.

Suid-Afrika hoef nie die pad van Zimbabwe te stap nie. Ons kan grondhervorming laat werk en in een geslag ‘n klas van welvarende swart boere skep bloot deur die grondhervormingsmodel van die Nasionale Ontwikkelingsplan toe te pas. Daar is genoeg hoë potensiaal landbougrond reeds deur die staat gekoop, wat tans onproduktief lê.

Agri Limpopo doen ‘n beroep op die ANC en die regering om hul volledige aandag te fokus op die produktiewe benutting van hierdie, en ander landbougrond in staatsbesit, en op te hou om populistiese uitsprake oor grond te gebruik vir politieke gewin. Produktiewe benutting van genoemde grond sal foute van die verlede regstel en help dat die ekonomie en voedselsekerheid nie skade ly nie – voorwaardes vir onteïening sonder vergoeding wat herhaaldelik deur meneer Ramaphosa in toesprake gestel word! ‘n Die nuwe president van die ANC het die geleentheid om homself, sy party en die regering te verbind tot ekonomies volhoubare landbou-ontwikkeling deur konstruktief die plan in Hoofstuk 6 van die NOP te ondersteun. Gesprek met landbouleiers in hierdie verband, sal die sleutel tot grondhervormingsukses wees vir meneer Ramaphosa.

**Vir navrae kontak / For enquiries contact:**
Leon Borcherds: President Agri Limpopo 082 378 4621
Dr De Jager: Agri Limpopo Landbou-ontwikkelingskomitee 082 332 2110
Willem van Jaarsveld: HUB Agri Limpopo 082 451 7913